Ons glo in God se tugtiging en vrees nie sy oordeel nie

Ds. PJ Kriel 17.09.2023

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen hoe Christus goddeloses veroordeel en gelowiges tug. Deur tugtiging oefen Christus gelowiges in God se liefde, maar met veroordeling verniel God goddeloses in hul goddeloosheid. Ons is god se egte kinders wat Hy tug en nooit God se arbeiders wie Hy veroordeel nie. Daarom skrik ons nooit vir god se oordeel van goddeloses nie.

Skriflesing Hebreërs 10: 26 -31. 38,39; 12: 4 – 13.

Teks Heb. 12: 7 " Verdra die tugtiging want God behandel julle as seuns

Tema Ons glo in God se tugtiging en vrees nie sy oordeel nie

1. Kinders skrik vir hulle pa en word bang vir hom as hulle sien hoe kwaad hy vir arbeiders word en hulle in sy woede verniel. Dit is omdat hulle dink hy gaan met hulle ook so maak as hulle iets verkeerds doen.

Net so kan gelowiges verskrik raak en vir God bang word wanneer hulle 'n gedeelte in die Bybel lees waarin hulle sien hoe God kwaad is en goddeloses verniel soos in Hebreërs 10: 30 en 31 "Want ons ken hom wat gesê het: "Aan My behoort die wraak; Ek sal vergeld " en ook: " Die Here sal sy volk oordeel." Verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God."

Daarom is dit nodig dat ons as gelowiges die verskil moet ontdek en ken tussen God se oordeel oor goddeloses, sy arbeiders, (10: 26 – 29) en sy dissiplinering en tugtiging van ons wat sy egte kinders is. (12: 5, 7,8)

Hebreërs noem gelowiges " egte seuns" teenoor ongelowiges wat onegte seuns is. Dit is dieselfde onderskeid wat Paulus maak in Gal. 4: 7: "Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun." Die verskil wys in wat die ongelowiges, die arbeiders, met Christus doen. Ten spyte van wie Christus vir sondaars is en vir sondaar doen, hou hulle willens en wetens aan om sonde te doen.(10:26) Willens en wetens ignoreer hulle Christus se verlossing omdat hulle in hul sonde wil leef en daardeur vertrap hulle Christus, minag hulle sy offerdood en daag hulle die Gees van genade uit.

Dit is wat gelowiges verskrik maak, nes kinders met hul pa, wanneer hulle sien en hoor hoe God mense oordeel wat willens en wetens Christus ignoreer om in hul sonde te kan leef. Daarom moet ons die verskil tussen oordeel en tugtiging ontdek en ken.

2. Die fout wat gelowiges maak met God se oordeel in Heb. 10 is dat hulle dit só hoor: " Wanneer ek willens en wetens 'n gebod wat God oortree, dan is ek as gelowige besig om die Seun te vertrap, sy bloed te minag en die Gees van genade uit te daag. Dan dink ons soos kinders: As ek stout gaan wees gaan my pa my hanteer soos die arbeiders wat hom uitdaag. Dit is die misgissing – dat my oortredings van God se wet maak dat God my oordeel soos 'n ongelowige, 'n slaaf 'n arbeider.

Ons glo in God se tugtiging en vrees nie sy oordeel nie

Ongelowiges doen iets anders as om net ‘n wet van God te oortree. Hulle ignoreer Christus se offerdood en Gees van genade omdat hulle hul sonde as hul liefdes wil leef. Ons kan na twee sulke voorbeelde kyk – hoe Christus vertrap word om sonde te doen.

In die wêreldwye Pinkster en charismatiese beweging word Christus só vertrap: “Ons is nou klaar met Jesus en die kruis, ons is klaar vergewe. Ons wil nou verder gaan as Jesus en sy kruis – ons wil die goddelike gees van God kry om deel van God se lewe, mag, krag, persoon wil en gesag te wees. Dit kry ons nie by Jesus nie maar by die goddelike gees wat ons ná Jesus kry.

Hulle soek nie die Gees van genade en lewe in die genade deur die offerdood van Christus nie. Hulle soek goddelike lewe en krag, nadat hulle klaar is met Jesus. So sondig hulle willens en wetens om aan te hou met ‘n lewe waarin hulle goddelik is en verwerp hulle ‘n gewoon menslike lewe in God se genade.

So vertrap hulle die Seun, minag hulle sy bloed en daag hulle die Gees van genade uit met hulle “doping in die gees.”

Net so is daar nou slim geestelikes wat gril vir dit wat hulle noem “ ‘n bloederige Jesus” met die skynheilige vroomheid dat hulle nie kan glo in ‘n God wat sy Seun so verniel nie. Hulle is nou klaar met die bloederige Jesus en is nou by ‘n vriendelike God vir wie alles reg is wat jy doen.

So vertrap hulle die Seun, minag sy bloed en daag die Gees van genade uit vir ‘n god wat altyd net vriendelik met alles is – so volhard hulle willens en wetens in hul sonde.

Vir hierdie ongelowiges is God ‘n verterende vuur, nie omdat hulle ‘n wet oortree nie, maar die vergifnis vir die oortredings verwerp – die Seun.

3. Wanneer jy Christus, sy offerdood en die Gees van genade verwerp, dan word God vir jou ‘n verterende vuur wat jou in sy woede verniel.

Dit gebeur wanneer jy Christus willens en wetens verwerp. Dit is totaal iets anders as om doelbewus ‘n gebod te oortree en om aanhoudend dieselfde sonde te doen. Vir elke oortreding van die wet, ook doelbewus en herhaaldelik, maak die offerdood van Jesus Christus jou heilig vir God se liefde, maar wanneer jy Jesus Christus se offerdood minag, word jy die offer vir jou eie sondes.

Wanneer ons dus dan sukkel met ons gehoorsaamheid aan die wet van God en dit oortree, is ons nie besig om Christus te vertrap, sy offerdood te minag of om die Gees van genade uit te daag, nie.

Ons mag nie dat ons gesukkel met sondes en gehoorsaamheid gebruik word om ons gelyk te stel aan arbeiders asof ons nie kinders van God is nie. Dit is hoe dit in die Pinkster en Charismatiese geestelikhede gepreek word. Hulle bekende stelling is dat elke keer wanneer jy een of ander sonde doen dan slaan jy weer spykers in Jesus se hande met die sondes wat jy doen en steek jy weer ‘n spies in Jesus se sy. So

maak hulle asof jy met jou gesukkel met gehoorsaamheid aan die wet Jesus vertrap, sy offer minag en die Gees van genade uitdaag.

Dit is sommer net nonsens. Wanneer ons sonde doen, minag ons nie Christus nie. Ons kruisig nie Jesus elke keer weer as ons 'n sonde doen nie. Ek kruisig Hom nie in minagting met my sondes nie. Hy is my toevlug vir my sondes en sondigheid – om my te heilig vir sy liefde terwyl ek sukkel met sy wette.

4. Hebreërs 12 wys vir ons daar is 'n wesenlike verskil tussen veroordeling en tugtiging. Watter sondes wat jy doen, volgens die eerste tafel van die wet, sondes teen God en die tweede tafel, sondes teen mense, kan God nie vergewe nie?

God vergeef ons elke sonde, sonde teen Hom en sone teen mense. Want deur die offerdood van Christus vergewe Hy elke sonde wat ons doen. Jesus Christus neem deur die Gees van genade neem die straf van elkeen van die Tien Gebooie vir ons weg. Daar is geen sonde teen die hele wet van God wat Jesus Christus nie betaal nie.

Maar wat kan God doen as jy nie in Jesus Christus se offerdood glo nie? As jy nie Christus se straf in jou plek aanvaar nie, moet jy self die straf vir jou sonde dra en self die offer vir jou sonde wees. Dit is die veroordeling van God in Hebreërs 10 vir hulle wie Christus vertrap en sy Gees van genade uitdaag. Deur jou ongeloof in Christus is jy 'n arbeider wat god in sy woede verniel vir jou oortredings.

Die tugtiging van God van sy kinders in Hebreërs 12 is nie God se veroordeling van Hebreërs 10 nie. Die woord tugtiging is selfverduidelikend en dit is wat onsself elke dag met ons kinders doen. Ons skree nie op ons kinders soos op arbeiders nie. Ons praat nie met ons kinders soos ons met arbeiders praat nie. Ons verniel nie ons kinders soos ons arbeiders verniel nie.

Kinders van God word ingeoefen in die lewe waar hulle vir God se liefde heilig is, nie veroordeel vir hulle sondes nie. Hoe oefen God ons in sy liefde in? Deur ons sondes te bestraf. Dit is tog wat 'n vader met sy kind doen! "Ek gaan nie verskonings maak vir jou oortreding nie. Ek gaan jou aanspreek oor jou sonde. Ek gaan jou nie los om te dink alles is maar reg nie. Ek gaan jou teregwys. Ek gaan jou nie aanprys vir die nonsens waarmee jy besig is nie. Ek gaan jou bestraf, en dan beteken bestraf nie veroordeel nie, maar dat ek jou net nie gaan toelaat om te doen wat jy wil nie. Ek gaan jou sondige drome verniel en jou nie in hierdie waan laat leef nie. Ek gaan jou nie in jou lui laksheid los nie maar elke keer weer roep om op te staan vir jou bestemming. Net so oefen God ons deur tugtiging in sy liefde in.

5. Hoekom wil ons as gelowiges dat God ons tug?

Want dit is hoe ek my inoefen in God se liefde vir my. Dit is wie ek is en bedoel is om te wees. Hoekom sal 'n mens God se tugtiging verwerp? Omdat jy nie 'n egte kind van God is wat sukkel met gehoorsaamheid nie, maar 'n arbeider wil wees wat willens en wetens wil aanhou sonde doen.

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig! Ons sien dit in die verskil tussen plase waar voete met hul seuns saamboer en die staat se plase wat hulle van boere gevat het.

Ons glo in God se tugtiging en vrees nie sy oordeel nie

Wat beteken willens en wetens aanhou met sonde? Wat is ‘n arbeider as hy die plaas kry van ‘n boer wat onteien is, weggejaag is en die baas gemaak word? Hy is en bly ‘n arbeider. Wanneer jy vir ‘n arbeider ‘n plaas gee, neem hy nie verantwoordelikheid vir die bestuur van die plaas nie. Hy is nie aanspreeklik vir produksie nie, kry nie ‘n roeping om ‘n boer te wees nie en vat geen bestraffing vir die foute wat hy maak nie.

Wat is hy? Hy bly ‘n arbeider, maar nou is hy ‘n arbeider met die houding hy is die baas. Nou glo hy, hy het die gesag om nie te werk nie want hy is die baas. Nou glo hy, hy het di mag om geen aanspreeklikheid te aanvaar nie, want hy is nou die baas. En wanneer ons dan na die vernielde staatsplase rondom ons moet kyk, dan is dit wat ons moet raaksien: die arbeiders het nie verander nie, hulle het arbeiders gebly wat nou die base is..

Wat is volgens Hebreërs 12: 8 ‘n egte seun of dogter van God. ‘n Mens sien al egte boerseuns en boeredogters alreeds vanaf kleinsaf. Hulle wil hulle inoefen in die werk, aanspreeklikheid en verantwoordelikheid om saam te boer. Hulle wil trekker dryf, ploeg en oes. Hulle wil geroep word as pa gaan boer om saam te kom. So is egte kinders. Hulle wil hulself inoefen in die liefde wat god vir hulle het.

6. Wat beteken willens en wetens aanhou sonde doen, die bloed van Christus te minag en die Gees van genade uit te daag? Dit is om ‘n arbeider te wees wat die posisie van baas gevat het om nou sommer net ‘n slegte arbeider te wees, nie ‘n boer nie.

Wat is ‘n egte kind van God? Dit is ons wat uit die geloof leef in ons regverdiging (Heb. 10: 38): “Ek glo in my kindskap Ek wil my verantwoordelikhede, arbeid, moontlikhede en toekoms opneem omdat ek ‘n Vader wat my in sy liefde sal in oefen met tug: jy het dit nou verkeerd gedoen, stop hierdie optrede, kry jouself reg, hoekom het jy nou vandag met hierdie nonsens begin? Hierdie is die tugtiging van kinders soek, nie die veroordeling en verwerping as slegte arbeider nie.

Ek skrik nie vir God se tugtiging soos ‘n arbeider vir veroordeling nie, want ek ken Hom wat my vir sy liefde en diens heilig as my Vader en ek oefen my deur sy tugtiging in, in ‘n liefde wat nooit ophou nie.

Die regverdige sal uit die geloof leef terwyl God die lewe van ‘n goddelose sal verniel. Daar is ‘n gees in die kerk wat weier om God se vernieling van ongelowiges te aanvaar wat van God weer hierdie vriendelike God maak wat alles wat ons doen as oulik moet sien.

Hoe verniel God goddeloses? Hy laat jou nie sy egte kind wees wat uit geloof in sy liefde leef nie, maar los jou om ‘n arbeider te wees wat dink hy het baas geword. Die verskriklikheid van hierdie woede van God sien ons in die staatsplase: die arbeiders wat eienaars is plunder, besteel en brand hulle eie plase. Net so laat God hulle wat nie sy egte kinders is nie, hul eie lewe, gesinne, gemeenskappe en land verniel omdat hulle nie die Gees van genade wil hê om egte kinders te wees nie maar die gees om die baas te wil wees.

Ons glo in God se tugtiging en vrees nie sy oordeel nie

Ons is egte kinders wat God se tugtiging as ‘n inoefening in sy liefde glo en ons eer God vir sy woede teen goddeloses.